**Oordenking**
**23 Maart 2009**

## Jesus neem sy kruis op

Jesus het vir ‘n hele tyd lank sy lyding en dood voorspel. Die eerste keer was net nadat Petrus Hom as Messias bely het. Jesus het geantwoord: *"Die Seun van die mens moet baie ly, deur die familiehoofde, priesterhoofde en skrifgeleerdes verwerp word, en Hy moet doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word."* (Lukas 9:22).

Selfs al is dit Romeinse soldate wat Jesus uitlei om gekruisig te word, is dit Hyself wat kies om die kruis op te neem en te dra – die soldate het bloot gedoen wat Jesus gesê het hulle sou doen.

Al het hulle Hom "*weggelei om Hom te kruisig*" (Markus 15:20), was Jesus geen passiewe slagoffer nie. Jesus het sy kruis opgeneem, want Hy het die Weg van Smart gekies. Hy het geglo dit was God se wil vir Hom, die weg waardeur Hy sy Messiaanse bestemming sou bereik. Jesus het gekies om te ly, sodat Hy onder andere Jesaja se visioen van die Lydende Kneg van God, sou vervul. Hy was die een wat *"verag en deur die mense verstoot was, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra."*

Wees geseënd as jy in geloof aanvaar dat Jesus *“oor óns oortredings deurboor is, oor óns sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.”* (Jesaja 53:3-5).

**Gebed:**
Liewe Heer, U het die kruis gekies. Die Joodse leiers het U beskuldig, Pilatus het U gevonnis en Romeinse soldate het U na Golgota gelei. Maar hulle het bloot gedoen wat God se wil vir U was en wat U in pynlike vryheid gekies het om te doen.

Hoe kan ek U ooit dank vir so ‘n kosbare keuse? Omdat U die kruis opgeneem het, gekies het, kan ek nou die lewe in al sy volheid opneem. Omdat U uitgelei is na Golgota om te sterf, word ek uitgelei na die ewige lewe. Omdat U my sonde gedra het, kan ek volmaakte vergifnis geniet! Hoe goed is U nie vir my nie, o Here, my Verlosser!
Amen.